




"EK GLO IN 'N VISUELE TAAL WAT NET SO STERK AS DIE GESKREWE WOORD
BEHOORT TE WEES." - DAVID LACHEPELLE

Wanneer digkuns en animasie trou





Woordbome waai in ’n bries. Die klikklak van ’n trein klink op, ’n flimlint stoom verby. ’n Tikmasjien ratel...

Die lokprent vir *Filmverse 2* is ’n belofte: Jy betree nou die magiese. Dis ’n alternatiewe dimensie waar digkuns en animasie verweef word om splinternuwe betekenis – en wêreld – vir die kyker te ontsluit.

Ons lewe in ’n era waar beelde goedkoop geword het en woorde kort. Persfotografie word vervang deur Jan Alleman en sy slimfoon en aandag vervaag ná die eerste 140 karakters (emoji’s ingesluit!). Kan ’n projek soos *Filmverse* die aandag vasvang; weer die waarde van woord en beeld as kuns in die Suid-Afrikaanse psige laat wortelskiet?

Woord, beeld en klank

Hy hoop so, sê die digter, skilder en skrywer Andries Bezuidenhout, wat vanjaar ook deel is van die ATKV se digkuns-animasieprojek onder kreatiewe regie van die kunstenaar Diek Grobler. Andries meen dat dit die kombinasie van woord, beeld en klank is wat die projek so besonders maak – en dat die “spanning” wat tussen die drie tot stand kom ’n belangrike rol speel.



“Animasietegnologie word meer beskikbaar, maar om iets te skep wat as kunsvorm beskou kan word – soos

baie van die fliks in *Filmverse* – verg veel, veel meer as net die tegnologie,” sê hy. “Ek dink dieselfde beginsel geld goeie persfoto’s. Dis jammer dat die rekenmeesters nou die korporatiewe septer swaai in plaas van joernaliste, professors en doktors...”

“Goeie joernalistiek, kennis en mediese sorg is in die eerste plek nie ’n kommoditeit nie, maar ’n openbare diens. Om die professies en die kunste tot iets te reduseer wat wins moet maak, vernietig en vervlak dit. Wat ons daardeur verloor, is ’n belangrike deel van wat dit die moeite werd maak om ’n mens te wees.”

Filmverse 2 is beskikbaar in Afrikaans, Engels, Zoeloe en Sotho en dit het unieke uitdagings aan digters én animeerders gestel. Andries se gedig “Perron” verskyn op die DVD en is deur Marinda du Toit en Tessa Louw geanimeer.

“Vertaling is altyd ’n uitdaging, maar ’n heerlike een,” vertel hy. “Ek het die gesprekke oor die vertaling van my gedig oor ’n verlate stasie baie geniet. In die Afrikaanse weergawe is daar verwysings na die lied ‘Kimberley se trein’ – ‘hoor daar hoe stoom hy’ – ’n refrein wat die Afrikaanse leser sal herken. Vir die vertaling Zoeloe toe het ek voorgestel dat daar ’n verwysing na Hugh Masekela se ‘Stimela’ (‘Stoomtrein’) ingebou word, maar dit het nie heeltemal só uitgewerk



“DIS TOG WAT ’N GEDIG DOEN – HY WAKKER VERSKILLENDE BEELDE AAN VIR ALMAL. ’N GEDIG SKEP VIR ALMAL HUL EIE KLEIN, EMOSIONELE FLIEKS...”

nie. In die Sotho-weergawe verwys die teks na ’n lied, ‘Bana ba sekolo’, wat ek van skool kan onthou.”

Nita Cronjé, vervaardiger van *Filmverse* namens die ATKV, verduidelik dat die besluit om *Filmverse 2* met vier, alternatiewe klankbane te maak, grootliks berus daarop om die impak van die projek te vergroot en Afrikaanse digkuns aan ’n veel groter gehoor bekend te stel.

“Dit was nie so eenvoudig as om die gedigte te vertaal en onderskrifte by te voeg nie,” sê Nita. “Elke fliëk het bepaal hoe die vertaling aangebied sou word.”

Volgens Nita was dit belangrik om die animeerders se oorspronklike plan met hul aanbieding van die gedig en klankbaan te behou.

“Sommige het die gedig in teksvorm as deel van die fliëk aangebied en andere het gewerk met ’n stemopname van die gedig. Daar moes letterlik vier, alternatiewe klankbane geskep word en in sommige gevalle ook nuwe animasie van die teks in die fliëks. Diek se oordeel as

artistieke regisseur het hier ’n groot rol gespeel.”

Die Engelse vertalings is eerste aangepak. Volgens Nita was die vertalers in nou verbinding met die digters om “seker te maak dat die vertalings die betekenis van die oorspronklike teks sou oordra en reflekteer”.


Interpretasie verskil

’n Projek soos *Filmverse* het ook ander tameletjies. Hoe maak die animasiekunstenaar iemand anders se gedig as ’t ware sy of haar eie? En hoe skep ’n mens ’n spesifieke betekenis vir iets wat waarskynlik anders deur elke kyker geïnterpreteer kan word?

Charles Badenhorst is ’n animasiekunstenaar wat ook aan die eerste *Filmverse* gewerk het en die kuns van “betekenis skep” goed verstaan. Sy verbeelding van Adam Small se “What about de lô” spog met verskeie pryse, insluitende die Grand Prize in die eerste Weimar Poetry Film-kompetisie in Duitsland.

Charles verduidelik dit was uiters belangrik om nie weg te neem van die “gewig” van Small se gedig nie. “Dit was belangrik om Adam se boodskap oor te dra. Ek het uit die gedig se pad probeer bly, maar het dit steeds my eie gemaak.

“Ek kom baie vinnig agter watter gedig die meeste met my praat. Dit sal die een wees wat die meeste met my geestestoestand in die spesifieke oomblik praat. Dis ’n potvol emosies en stories en beelde. Vir my spring daar dadelik ook beelde op saam met die emosie wat



wakker gemaak word deur die woorde. Goed wat lekker saam met mekaar gaan, soos kaas en wyn. Die woorde wek beelde in my op soos geure en smake. Dan begin die ontwikkelingsproses.”

Charles was verantwoordelik om visuele lewe in Marlise Joubert se gedig “Groet” vir *Filmverse 2* te blaas. En hoewel daar nie werklik ’n manier is om te voorspel hoe ander mense ’n bepaalde fliek gaan beoordeel, of hoe hulle oor die gedig voel nie, fokus hy daarop om op ’n diep persoonlike vlak ’n emosionele verbintenis met die gedig te vorm.

“Ek plaas myself in die middel van die emosie in my en dan reageer ek daarop op ’n manier wat kenmerkend is van hoe ek is; hoe ék daarop sou reageer as dit ek was in die middel van al daai emosies.”

Die uiteinde is ’n heel nuwe, oorspronklike storie waarin die gedig deel is van die fliek, maar nie noodwendig die hoofrol speel nie. “Dis tog wat ’n gedig doen – hy wakker verskillende beelde aan vir almal,” sê Charles. “’n Gedig skep vir almal hul eie klein, emosionele flieks...”

Uiteindelik is die doel met *Filmverse 2* heel eenvoudig: Die skep van ’n “visuele bloemlesing”, aldus Nita. En om so ’n wye mark moontlik by die belewenis daarvan te betrek.

“Enige kunsvorm gaan tog deels oor ’n emosionele verbintenis tot kombinasies van woorde, beelde en klank,” sê Andries. “Jy kan iemand nie afrig om gedigte

Wat is Vuvumation?

Charles Badenhorst en Diek Grobler staan aan die stuur van Vuvumation, ’n animasieprojek wat op skole gemik is.

“Die doelwit van die projek is om aan skoolgaande kinders ’n geleentheid te gee om te leer oor animasie,” sê Diek. “Die opleidingsgeleentheid wat in animasie beskikbaar is in Suid-Afrika is baie tegniese van aard, baie duur en eers op tersiêre vlak beskikbaar.”

Diek noem dat baie stede in Europa, Amerika, Japan en China kunstesentrums het waar kinders op ’n baie vroeë ouderdom aan animasie blootgestel word en leer om hul eie flieks te maak. Dié sentrums is met duur toerusting uitgerus – ’n uitdaging in Suid-Afrika.

“Ons fokus op die basiese beginsels van animasie en ons doen dit met die minimum tegnologie moontlik,” sê Diek. “Deesdae het ’n mens net ’n goeie selffoon nodig om ’n animasieflik van hoë tegniese kwaliteit te maak.”

Die projek leer kinders van so jonk as tien jaar oud al die basiese beginsels van animasie en flieks maak. Dit sluit in van getekende en klei-animasie tot popflieks en sand-animasie. “Ons is idealiste,” glimlag Diek. “Ons wil ’n animasiekultuur in Suid-Afrika skep wat uit eie bodem kom.”

Vuvumation kan eindelijk nog *Filmverse*-kunstenaars oplewer – ’n projek wat Diek na aan die hart lê. “*Filmverse* is myns insiens waardevol omdat dit in ’n onderrigopset beelde by woorde sit waar daar vroeër nie beelde was nie. Die leerlinge word half onkant betrap, want skielik kan hulle ook na ’n gedig kyk. Ek dink dit stimuleer ’n groter betrokkenheid by poësie, omdat die leerlinge hulself moet afvra of die kunstenaar se weergawe van die gedig vir hulle werk, en indien nie, hoe hulle dit anders sou visualiseer.

“Ek dink dat dit waardevol is vir kinders om self gedigte te skryf, of self animasie te doen, omdat dit ’n groter bewustheid skep van die waarde van ’n ding as jy dit eers self gedoen het.”

te waardeer nie – iets anders moet eers gebeur.

“Ek het digkuns deur musiek leer liefkry. Ek dink hierdie flieks kan iets soortgelyks met ’n wisselwerking tussen woord, beeld en klank regkry. Dalk help dit dat mense minder vir gedigte skrik.”

Diek is uiters trots op wat tot dusver vermag is. “Met *Filmverse* het ons bewys dat ons kortprente kan maak wat internasionaal nie hoef terug te staan nie,” sê hy. “Ons het in drie jaar 24 kortprente op ’n stertriembegroting gemaak. Van die eerste 12 flieks het die helfte al op internasionale feeste gedraai en twee van die prente het internasionale pryse gewen. En van al die kunstenaars betrokke by die projek is slegs ’n handjievol opgeleide animeerders.

“Dit is voorwaar animasie uit eie bodem!” ♡

DEUR DONNAY TORR